
# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (35/16) (Volg my op Twitter justchad_cga)

*Justin Chadwick 16 September 2016*

***"Travel, as much as you can, as far as you can, as long as you can, life's not meant to be lived in one place" Anon***

## SUIDOOS - ASIË - REIS NA CHINA, THAILAND EN VIËTNAM




**FIGUUR WAT DIE TOTALE SUID-AFRIKAANSE VRUGTE UITVOERE NA ASIË AANDUI SOOS DEUR *SOUTHERN HEMISPHERE ASSOCIATION OF FRESH FRUIT EXPORTERS* (SHAFFE) VOORBEREI.** Hierdie figuur toon die belang van markte in Hongkong en China - 39% van die totale vrugte uitvoere na Asië gaan na hierdie markte. Nadat vanaf die AsiaFruit Logistica in Hong Kong vertrek is, het 'n Fruit South Africa afvaardiging na Beijing, China gegaan. Daar het hulle die Landbou-attache vir die streek (Mashudu Silimela) ontmoet wat die afvaardiging vir die volgende week sou vergesel. Vanuit 'n sitrus perspektief was CGA in China om vordering te bepaal rakende die versoeke om "break bulk reefers" as 'n alternatief vir houers toe te laat, en die versoek om alternatiewe toelatingsvereistes vir suurlemoene te oorweeg. Onmiddellike terugvoering is oor die "break bulk" versoek gegee met China AQSIQ wat vir meer tegniese besonderhede vra. Hierdie inligting is beskikbaar en sal deur Suid-Afrikaanse Departement van Landbou, Bosbou en Visserye (DAFF) verskaf word. Daar word gehoop dat dit teen die 2017 seisoen toegelaat sal word om voorsiening te maak vir "co-loading" van besendings na Japan, Suid-Korea en China.

Goeie besprekings is met tegniese kundiges gehou rakende die versoek om die protokol vir suurlemoene te hersien. Bykomende inligting sal gedeel word, met 'n buitekans dat hersiening voor die aanvang van die 2017 sitrusseisoen aanvaar kan word. Die afvaardiging het toe na Thailand gereis. Suid-Afrikaanse sitrus is besig om in die Thai mark bekend te raak as 'n goeie gehalte / waarde balans vir sitrus. Veral Suid-Afrikaanse nawels is goed in 2016 ontvang.

Die laaste stop is Viëtnam - na 'n dag in Ho Chi Min City (Saigon) om invoerders, die Eerbare Konsul en nabygeleë boorde te besoek, is die afvaardiging oppad na Hanoi om met ambassadeur Magau en ambassade personeel te ontmoet; en om die Viëtnamese Departement van Plantbeskerming te ontmoet. Soos in Thailand, het die Viëtnamese invoerders 'n erkenning vir die goeie gehalte van Suid-Afrikaanse nawellemoene ontwikkel.

## GEPAK EN VERSKEEP

| Tot einde Week 9/9/16 Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB/AGRIHUB** | **2014** | **2015** | **2016** | **2015** | **2016** | **2016** | **2016** | **2015** |
| Pomelo's | 15.3 m | 16 m | 13.7 m | 15.6 m | 13.1 m | 12.4 m | **13.7 m** | 16.1 m |
| Sagte Sitrus | 9.7 m | 9.7 m | 12 m | 9 m | 11.1 m | 11.2 m | **12 m** | 10 m |
| Suurlemoene | 13 m | 14.5 m | 14.7 m | 14.1 m | 14.2 m | 16.1 m | **14.7 m** | 15.1 m |
| Nawels | 25.7 m | 24.3 m | 26.2 m | 23.1 m | 25.4 m | 25.1 m | **26.2 m** | 24.5 m |
| Valencias | 38.9 m | 39.8 m | 37.4 m | 34.5 m | 32.5 m | 46.4 m | 41.3 m | 52.7 m |
| Totaal | 102.6 m | 104.3 m | 104 m | 96.3m | 96.3 m | 111.2 m | 107.9 m | 118.4 m |

**SUIDER-AFRIKA SE SITRUSPRODUSENTE BEFONDS HUL TOEKOMS DEUR MIDDEL VAN DIE CGA GROEP (CRI, RIVER BIOSCIENCE, XSIT, CGACC, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY AND CITRUS ACADEMY)**